A. SIZOO, *Levende Woorden van Augustinus*, Kampen 1954, 156 blse.

Die gedagtes en woorde van Augustinus bly aktueel en lewend vir alle tye omdat sy vurige geloof en warme vroomheid sy werke en veral

sy preke deurstraal. Daarom kan sy woorde vandag, sestienhonderd jaar na sy geboorte, ons nog aangryp. By geleentheid van die sestienhonderdste herdenking van sy geboortedag bied die reeds bekende vertaler van Augustinus hierdie versameling pragtige woorde en gedagtes van die kerkvader, en veral uit sy preke. Die vertaling is besonder geslaagd en die seleksie wat nie alleen die Sermones dek nie, maar ook die Tractatus oor die Johannes-Evangelie, die Enarrationes oor die Psalme, pragtig verdeel. Terwille van die algemene belang van die groot kerkvader, maar ook terwille van die lewende vroomheid waarmee hierdie werk ons in aanraking bring, word die werk by iedereen, ook by nie-teoloë aanbeveel.

J. A. Stoop.